

2 Februarie

1 Tessalonisense 2:17-3:13

Liewer alleen

Alleen is 'n bangmaakwoord in hierdie wêreld. In 'n sekere sin skreeu dit teen die skeppingsorde: *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie*. En tog is baie mense (miskien ook u) op hierdie oomblik alleen. Ons Skrifgedeelte leer dat alleenheid nie 'n vloek hoef te wees nie. Alleenheid kan ook 'n besluit wees. 'n Doelbewuste keuse. 'n Offer.

Paulus bring só 'n offer. Die tydjie wat hy die evangelie in die jong gemeente van Tessalonika kon bedien, is deur vervolging kortgeknip (Hd. 17:1-9). Nou wil Paulus terug. Sy werk is nog nie klaar nie. Die Tessalonisense se geloof moet aangevul word (1 Ts. 3:10). Saam het hulle nog 'n pad om te loop. Paulus probeer alles. Keer op keer loop dit vas. Uiteindelik konkludeer hy: *die Satan het ons verhinder* (1 Ts. 2:18). Wat nou? As die pad saam net nie moontlik is nie. *Ons wou saam nog ... Ek het gedink ons kon... Ons plan was om saam...* Saam is tog beter? Saam sou ons soveel meer kon doen. Twee is tog beter as een! Wat nou, as dit lyk of alle paaie geblokkeer is?

Kyk, een pad is nog oop. Die Golgotapad. Kruisdrapad. Pad van Christene se doelbewuste alleenweeskeuse. Keuse tot mens- en Godverlatenheid. Op daardie pad is die Satan verslaan - magteloos. En die geblokkeerde Paulus gaan daardie pad op. Hy **besluit** om alleen in Athene agter te bly. Wat sal hy in Athene beleef? Sy eie Golgota?

Nee! Die teenoorgestelde! Christus het bange Godverlatenheid gely *sodat ons nooit meer van God verlaat sou word nie*. Daarom kon Paulus se alleenweeskeuse 'n positiewe keuse wees, sonder bitterheid. Dit word 'n geloofskeuse met geloofsvrugte. Timoteus word gestuur (1 Ts. 3:2). Dag en nag word daar gebid (1 Ts. 3:10). Twee geïnspireerde briewe word uit hierdie alleenheid gebore (1 en 2 Ts.). En in Athene waar Dionisius en Damaris wag (Hd. 17:34), tuimel die afgodsbeelde voor Paulus se Areopagus-toespraak (Hd. 17:22-31).

Soms lei God ons op die enkelspoor. Soms vra Hy die offer van alleenheid. Sê jy dan ook: *Liewer alleen?* Wie weet waarvoor Hy jou dan nog wil gebruik.

Dr. W.C. Vergeer (Randfontein-Noord)